# APIESRIVIER LANDELIKE BBV

Posbus 910-631, Pyramid, 0120, Hoewe 5, Roete 101, Waterval. Selnommer 084 952 2882

# NOTULE VAN ALGEMENE JAARVERGADERING WAT GEHOU IS OP 20 MEI 2017
# TE LUDWIG'S ROSE, HAAKDORINGLAAGTE

1. **OPENING EN VERWELKOMING**
   Die Voorsitter heet almal welkom. Peet Dorfling open met gebed.

2. **TEENWOORDIG**
   Volgens aangehegde lys.

3. **VERSKONINGS:**
   Riekie Diedericks O85VK
   Miemie Bezuidenhout D55VK
   Marthie la Grange
   Oom Gert Swanepoel O50VK
   Johnnie & Magdaleen Doubell O11VK
   Gert Delport
   JP Botha – SBBV
   Bazil Grobler – SBBV
   Fanie Meyer
   Prof SJ Botha

4. **LIEF EN LEED**

   Huwelike: O95VK (Pieter Bier) is getroud met O32VK (Botha) junior in Desember 2016. Hartlik geluk aan die twee jongmense. Mag die jare wat voorlê vol geluk en seen wees.

   Geboortes: O92VK – van der Walt – dogtertjie ryker geword.
   Hartlik geluk aan die egpaar.
   Hospitalisasie: O37VK aangeval op 5 Augustus 2016
   O70VK en baba beide in hospitaal
   O50VK was in hospitaal
   S1VK het 'n neus operasie gehad.
   D48VK beide lede het oog operasies ondergaan
   D21VK
   O79VK
   D9VK – (Obri het sy been verloor)

   Sterftes: D72VK - Robertson se dogter Julie 2016
   O31VK(mev) - Britz se vader Augustus 2016
   O85VK – Diedericks is oorlede Augustus 2016
   D3VK – Oosthuizen is oorlede op 9 Februarie 2017.
   O64 en 65VK – Gough se vader is oorlede Februarie 2017
   A5VK - Peet Dorfling se broer en skoonsuter is oorlede. Maart 2017
   Met innige meegevoel deel ons aan julle leed.

   Verhuisings: DeVries
   D66VK Lizelle von Bellow

5. **GOEDKEURING VAN NOTULE VAN 28 MEI 2016**

Die vergadering word 'n tydsbestek van tien minute gegun om die notule van 2016 deur te lees, waarna daar goedkeuring verleen word met een regstelling.

Voorgestel: Debbie Smit
Gesekondeer: Oom Hendrik Brenkman

6. **SAKE VOORTSPRUITEND**

**Voorsittersverslag (Jan-Piet Cooks A1VK)**

2016 was redelik suksesvol. Romeo 2 is aangeskaf en die toerusting is in goeie toestand. Die ledetal het 'n bietjie afgeneem, maar so ook die brande.

Die voorsitter gee weer 'n samevatting van die geskiedenis:

**Naam van Vereniging**

Apiesrivier Landelike Brand Beskermings Vereniging

**Datum van Stigting**

18 Junie 2005

**Datum van Registrasie en Registrasienommer**

27 Maart 2006 Reg. No. 1742/01

**Grootte van gebied**

68 000 ha

**Grense van gebied**

Noord: Net voor Hammanskraal en Boekenhoutskloof grondpad
Suid: Bo-op die Magaliesberg
Oos: N1 Snelweg en Wallmannsthal grondpad
Wes: Mabopane snelweg R80

**Bestuur : Tans bestaande uit die volgende lede:**

Uitvoerende Komitee:

| | |
|---|---|
| Voorsitter: | (Alpha 1) Jan-Piet Cooks uittredend |
| Ondervoorsitter: | (Alpha 2) Eugene Janse van Rensburg |
| Sekretaresse: | (Alpha 3) Andriette Jacobs |
| Tesouriere: | (Alpha 4) Joey Gerber |
| Addisionele Lid | (Alpha 5) Peet Dorfling |
| Brand Beskermings Offisier: | Japie Lengoabala |

Breë Bestuur:

| | |
|---|---|
| Gekoöpteerde Brandhoof | (Bravo 1) Chris Breedt |
| Gekoöpteerde Noodhulphoof | (Bravo 2) Debbie Smit |
| Logistiekehoof | (Bravo 3) Vakant |
| Gekoöpteerde Kommunikasiehoof | (Bravo 4) Pieter Oosthuizen |
| Junior Bestuurslid | (Bravo 5) Xanthé Jacobs |
| Sosiale Aangeleenthede | (Bravo 6) Dawn Marx |
| Administrasie en Koördinering | (Charlie 1)Tarien Cooks |
| | (Charlie 2)Vakant |
| Ge-affilieërde lede van die SBBV | JP Botha en Bazil Grobler |

**Tshwane Stadsraad se bydrae**

**Toerusting:**

1 x Waterkarretjie – 1000L
1 x Waterkarretjie – 500L
2 x Jerry kanne vir addisionele brandstof – 20L elk

Bystand en Ondersteuning. Goeie samewerking tussen die BBV en Tshwane Brandweer se operasionele afdeling die afgelope jaar.

**Hoogtepunte**
Toerusting is versprei tussen Waterval, Vasfontein, Grootvlei en Lusthof. Brandbestryding en koördinering het verbeter. Daar was ongeveer 350 brande gedurende die jaar en samewerking van alle partye was goed. Kommunikasie met Tshwane Brandweer is ook verbeter as gevolg van Bravo 1 se betrokkenheid. Die Voorsitter verduidelik omstandighede rondom die uitreik van brandpermitte, waar weersomstandighede die primêre rol speel.

**Uitdagings**

* Die publiek is traag om betrokke te raak.
* Voorbrande is van kardinale belang ter beskerming teen brande.
* Metro Polisie help met wetstoepassing.
* Die BBV se doel is nie om brande te blus nie, maar eerder as koördineerder tydens 'n brand situasie en die daarstelling van toerusting om brandbestryding te vergemaklik.
* Borde is aangebring met die noodnommer. Kennisgewings is verlede jaar uitgestuur.
* Die stadsraad het nie genoeg voertuie en toerusting nie. Dit blyk of politiek en geld 'n groot rol speel hierin.
* Wetstoepassing van polisie is nog nie wat dit moet wees nie. Daar moet groter bewusmaking plaasvind ten opsigte van veldbrande.
* Daar is tans geen ongevalle/regsdekking vir lede wat betrokke is by bestryding van brande nie. Daar word egter nou saamgewerk met Afriforum wat help daarmee.
* Nie alle brande word aangemeld nie, veral waar 'n perseel nie bewoon word nie.
* Lede kry geen vergoeding vir hulp verleen nie – t.o.v. gebruik van eie voertuie, ens.
* Daar word dikwels van die BBV bestuur verwag om brande te blus en die bestuurslede is in elkgeval diegene wat betrokke is. Die BBV gaan wel uit na brande om waar te neem en verspreiding te verhoed totdat die brandweer kan opdaag.

7. **FINANSIES (**Joey Gerber A4VK)

Joey gee ‘n verslag van die finansiële state. Daar is tans 250 lede waarvan 215 betaal het. Daar het die afgelope jaar 43 nuwe lede aangesluit. Ledegeld bly R300.00 vir die jaar.

Inkomste vir die jaar 2016-2017 het R294 000 beloop
Teenoor die uitgawes van R302 000
Daar was ook donasies van R39 000 waarmee die Bakkie toegerus is.
Bakwena het aangesluit en het gehelp met die aankoop van die bakkie.
Ledegeld beloop R68 400 met ‘n baie klein hoeveelheid rente. Die BBV kan nie met Internet bankdienste werk nie omrede twee persone moet teken op die rekening. Die Begroting word voorgelê. Eugene stel voor dat die fooie vir die volgende jaar (2018) se ledegeld verhoog word met 5% wat R15 beloop. Die vergadering stem in meerderheid daarvoor.
Die Finansieële State en Begroting word goedgekeur.
Voorgestel deur: Willem Robinson Gesekondeer deur Debbie Smit.

Ouditeure se aanstelling word bevestig deur die vergadering: Botha Rekenmeesters.

Pieter vra om die kostes ten opsigte van ledegrond te bespreek. Daar word voorgestel dat grondgroottes gegroepeer word. Gesekondeer deur Gerhard Olivier.
Na vele voorstelle en bespreking word die volgende besluit geneem:
**0 – 50ha** beloop **R300.00** (of dan R315.00 volgende jaar).
**Vanaf 50ha** word die koste bereken op die basis bedrag van **R300.00 plus R50 vir elke daaropvolgende 50 (of gedeelte daarvan) hektaar** met 'n maksimum bedrag van R2000.00 Die 5% verhoging sal dan ook vir die volgende seisoen geld. Dit geld slegs vir privaat eienaars. Staatsgronde sal volgens 'n ander stelsel aangeslaan word.

Die daarstelling van die Trust is deur Eugene hanteer, wie ook verantwoordelik was vir die oordraging van die bates, wat reeds gedoen is. Die voertuig – R2VK – sal in 'n later stadium oorgedra word om skenkingsfooie te verminder.

**8. BRANDE** (Chris Breedt B1VK)
Brande wat voorgekom het:

**1 April 2013 – 31 Maart 2014 = 358**
**1 April 2014 – 31 Maart 2015 = 253**
**1 April 2015 – 31 Maart 2016 = 345**
**1 April 2016 – 31 Maart 2017 = 166**

**25 Haakdoornboom**
**22 Waterval**
**19 Bultfontein**
**17 Vastfontein**
**16 Onderstepoort**
**16 Honingnestkrans**
**12 Grootvlei**
**10 Rooiwal**
**8 Bon Accord**
**8 Pyramid**
**7 Lusthof**
**3 Kromdraai**
**2 Walmansthal**
**1 Rondavel**

Chris gee 'n verslag van brand wat voogekom het. Hy voel die deurgee van die BGI op die whatsapp groepe help. Dit word benadruk dat **geen** asgate gebrand mag word nie. Die Tshwane streekswet verbied die brand van asgate en daar word ook geen brandpermitte daarvoor uitgereik nie. Chris verduidelik ook weer kortliks die belangrikheid van brandpaaie wat 2,5m weerskante van die heinings moet wees.
Tarien bedank ook almal vir hulle samewerking die afgelope jaar. Dit is die eerste keer in jare dat daar minder as 200 brande in'n seisoen voorgekom het.
Die eerste Brand-opleiding vir die seisoen word beplan vir die 27ste Mei 2017.
Plek: Plot 179/182 Olyfboomstraat; Vastfontein.
Tyd: 09h0 tot ongeveer 13h00.

Patrick wil weet watgedoen kan word ten opsigte van mense wat brand stig. Plot 117 word genome en Tarien onderneem om dit aan te gee by die Brandweer.

Chris versoek ook dat elkeen wat reeds hulp verleen by 'n brand, sal aanhou met help wanneer die brandweer opdaag en nie net alles los nie. Die noodnommer word weer aan die lede deurgegee: **084 952 2882** Lede word versoek om so gou doenlik die noodfoon te skakel wanneer 'n brand uitbreek.

**9. NOODHULP** (Debbie Smit B2VK)

Debbie lewer verslag oor die noodhulpkursus wat aangebied is. Ongelukkig het helfte van die lede wat bespreek het, nie opgedaag nie, maar die kursus was 'n groot sukses. Daar word beplan om 4 kursusse in die volgende seisoen aan te bied. Datums sal deurgegee word.

**10. LOGISTIEK** (George Esterhuyse B3VK)

George verskaf 'n lys van die toerusting en waar dit geberg word. Die toerusting is gediens vir die seisoen. Daar is 'n behoefte in Grootvlei Wes vir toerusting.
George noem dat 'n ekstra gly-eenheid beskikbaar is, wat op 'n waentjie monteer moet word.

| | | |
|---|---|---|
| BBV 1 | Bakkiesakkie | Duikerstraat, Waterval |
| BBV 2 | Bakkiesakkie | Waterbokstraat, Waterval |
| BBV 3 | Bakkiesakkie | Hamerkop, HNK |
| BBV 4 | 500L | Karretjie Tambotie, Grootvlei |
| BBV 5 | 1000L | Karretjie Denneboom, Vastfontein |
| BBV 6 | 500L | Karretjie Bultfonteinpad, Vastfontein |
| BBV 7 | Bakkiesakkie | Hotellaan, Lusthof |
| BBV 8 | 500L | Karretjie Njalastraat, Waterval |
| BBV 9 | 500L | Afgeskryf |
| BBV 10 | 1000L | Karretjie Stadsraad afgeskryf |
| BBV 11 | 1000L | Karretjie Stadsraad afgeskryf |
| BBV 12 | 500L | Karretjie Jakaranda, Grootvlei |
| BBV 13 | 500L | Karretjie Olyfboom, Vastfontein (tydelik) |
| BBV 14 | 1000L | Karretjie Dikbas, Grootvlei |
| BBV 15 | 500L | Karretjie Haakdoornboom (Nie-lid) |

Operasioneel: Lede kry voorkeur vir die gebruik van toerusting. Nie-lede sal slegs hulp kry indien 'n lid se grond in gevaar verkeer. Dit is 'n operasionele besluit wat in die situasie geneem word. GrootvleiWes versoek 'n lys. Daar word benadruk dat beplanning gedoen moet word.

**11. KOMMUNIKASIE** (Pieter Oosthuizen B4VK)

**R2VK:** Toerusting wat aangebring is:
JimmyJak water vuurvegter met 600l tenk.
Nissan borg die dienste. Daar word gevra vir 4 of 5 mense wat opgelei kan word om die bakkie te bestuur.
Twee(2) Spuitkoppe is geskenk deur die maatskappy wat die toerusting verskaf het. Chris Breedt het ook 'n Acron spuitkop geskenk. Die persoon wat 'n staalkas sou skenk, het onttrek en daar is dus 'n behoefte vir nog skenkings. Kobus Kramer bied aan om 'n domkrag te skenk (Highlift Jack)
Eugene JvRensburg onderneem om staalfellings en goeie gebruikte bande te skenk.
Daar is ook monteer klampe nodig om die Jerrykanne en harke op die bakkie vas te sluit.

**Brandfoon:** Pieter dui daarop dat die kostes op die foon te hoog beloop. Daar word voorgestel om 'n uitsaai metode vanaf die foon te gebruik.Die lede word versoek om inligting volgens plotnommer; straat; roepsein en e-pos adres saam met die naam te verskaf aan die noodfoon. Boodskappe sal dus op whatsapp uitgestuur word.

**Radios:** Die radios wat gebruik word, is die 67mhz reeks. Daar is 186 stasies waarvan 26 tans onbetaalde lede is. 8 Seine is nie toegeken nie. Slegs 50% van die lede toets gereeld. Daar word nog 'n toetser benodig in die weswyk. Pieter benadruk die belangrikheid van 'n goeie antenna om soveel moontlik stasies te kan ontvang. Die reëls rondom kode R en volgorde van toetsing word weer deurgegee. Pieter vra ook dringend dat enige inligting wat verander ten opsigte van lede se adres of telefoonnommers, of persone wat die gebied verlaat, so gou moontlik deurgegee sal word. Lede word ook versoek om nie namens iemand anders die radio te gebruik nie. Enige inligting wat deurgegee word ten opsigte van brand, ongelukke, ens moet absoluut korrek bevestig wees. Pieter bedank al die toetsers wat getrou die radios beman.

**12. JEUGAANGELEENTHEDE** (Xanthé Jacobs B5VK)

Die "High Tea" wat aangebied is, was hoogs suksesvol. Xanthé vra dat kinders se name en nommers aan haar gestuur sal word sodat die kinders ook betrek kan word. Haar telefoon nommer: **074 654 1393**

## 13. KOŐRDINERING (Tarien Cooks C1VK)

Tarien bedank alle lede vir die hulp met brande. Sy vra dat die noodfoon gebel word sodra daar 'n brand uitbreek. Die inligting is baie belangrik – die plotnommer asook die naaste kruisstraat moet verskaf word. Reaksie tyd van die brandweer is ongeveer 27.5minute. Na 'n halfuur word opgevolg.

Die persoon wat die noodfoon het, sal die brandweer skakel. Verdere hulpbronne word ook verkry by groot brande. Daar is 'n goeie verhouding met die Wonderboom brandweerstasie en hulle gee goeie bystand.

## 14. GRONDWET

Wysigings van die grondwet word deur Eugene hanteer.

i. Die naam van die Apiesrivier Landelike Brand Beskermings Vereniging word vernader na Apiesrivier Landelike BBV om ooreen te stem met die geregistreerde naam by die departement van Bosbou.
ii. Die tweede voorstel gaan oor die betalings tydperk wat die jaareinde oorskry. Eugene stel voor dat die datum vervroeg word na die einde van Mei in plaas van einde Junie.
iii. Klousule 19.6 se bewoording word ook verander na: "onderhewig aan die bepalings van klousule 11 en 12, het lede wie ....

Voorgestel deur Oom Hendrik Brenkman Gesekondeer deur Peet Dorfling
Goedgekeur deur die vergadering. Die 90 dae grasietydperk, word dus verkort na 30 dae.

## 15. VERKIESING VAN BESTUURSLEDE

Die volgende lede word verkies as Bestuurslede:
**Pieter Oosthuizen** word verkies as **Voorsitter.** Voorgestel deur Annette de Beer Gesekondeer deur Kobus Kramer
**Peet Dorfling** word verkies as **Onder-Voorsitter.**
Voorgestel deur Eugene JvRensburg Eenparig aanvaar deur die vergadering.
**Louis Lourens** word as addisionele lid verkies. Voorgestel deur Henri van der Walt Gesekondeer deur Chris Breedt.
**Willy Jacobs** word verkies as **Logistieke hoof,**
Voorgestel deur Pieter Oosthuizen Eenparig aanvaar deur die vergadering
**Henri van der Walt** word verkies tot **Kommunikasiehoof**
Voorgestel deur Pieter Oosthuizen Gesekondeer deur Peet Dorfling
**Kobus Kramer** word verkies as **Koőrdineerder hulp**
Voorgestel deur Henri van der Walt Gesekondeer deur Chris Breedt

B5VK se portefeulje word verander van Jeug Aangeleenthede na Junior Bestuurslid.
Die res van die bestuur bly onveranderd.
Pieter oorhandig 'n blyk van waardering aan die uittredende lede.

Die vergadering word verdaag met Jan-Piet wat almal bedank vir hulle teenwoordigheid.

Hierdie Notule is goedgekeur op ..........................................................................................

Voorgestel deur:...........................................Gesekondeer deur:.....................................

Geteken: Voorsitter:.......................................................................................................

Sekretaresse:.......................................................................................................